



Shango Solutions
H.H.K. House
H/v Ethellaan en Ruthsingel
Northcliff
Posbus 2591, Cresta, 2118, Suid-Afrika
Tel: 011 678 6504
Faks: 011 678 9731

11 September 2020

Geagte Belanghebbende en Geraakte Party/Grondeienaar/Grondbewoner,

**KENNISGEWING AANGAANDE 'N AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING TER ONDERSTEUNING VAN 'N AANSOEK OM
EKSPLORESIEREG TEN OPSIGTE VAN VERSKILLENDE PLASE IN DIE MAGISTRAATSDISTRIKTE VAN KROONSTAD EN LINDLEY,
VRYSTAATPROVINSIE VAN SUID-AFRIKA (12/3/363 ER)**

Western Allen Ridge Gold Mines (Edms) Bpk (Western Allen Ridge) ('n filiaal van White Rivers Exploration (Edms) Bpk) is in besit van 'n Tegnieuse Samewerkingspermit (TSP) (PASA-verwysingsnr. 12-2-167). Lessenaarstudies en voorlopige geologiese modelle wat onder die TSP gedoen is, het positief aangedui dat die teikengebied ontgin kan word. As sodanig het Western Allen Ridge in Junie 2020 'n Aansoek om Eksplorasierereg ingedien by die Petroleumagentskap van Suid-Afrika (PASA) vir die TSP, om vas te stel of daar lewensvatbare koolwaterstof- (olie, gas en kondensaat) afsettings in die aansoekgebied is. Die volgende verwysingsnommer is geallokeer aan die Eksplorasierereg-aansoek: 12/3/363 ER.

Die aansoek wat ingedien is ingevolge Artikel 79 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale- en Petroleumhulpbronne, 2002 (MPRDA, Wet 28 van 2002) is op die 16^{de} Julie 2020 deur PASA aanvaar. Ingevolge Artikel 10 van die MPRDA, het PASA kennisgewing van die aansoek gepubliseer in hulle ingangsportaal en in die provinsiale koerant.

Ten einde die eksplorasië-aktiwiteite te onderneem, het Western Allen Ridge 'n toegestane Eksplorasierereg nodig ingevolge die MPRDA, 2002 (Wet 28 van 2002). In ooreenstemming met die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (NEMA, Wet 107 van 1998) Omgewingsimpakassessering- (OIA) Regulasies, word die volgende omgewingspermitte en lisensieprosesse vereis:

1. Onderneming van die Openbare Deelnameproses
2. Voltooiing van 'n Omgewingsmagtigingsaansoekvorm
3. Samestelling van Omvangbepaling- en Omgewingsimpakverslae
4. Ontwikkeling van 'n Omgewingsbestuursprogramverslag

Western Allen Ridge het Shango Solutions aangestel as die Omgewingsassesseringspraktisyn (OAP) om die vereiste omgewingsproses te bestuur.

Die gebied van belang beslaan altesaam ongeveer 33 065.2929 hektaar (ha) en is geleë ongeveer 15 kilometer (km) oos van die dorp Kroonstad, in die Vrystaatprovinsie van Suid-Afrika. Eenhonderd nege and dertig (139) plaasdele strek oor die aansoekgebied. Die voorgestelde eksplorasiegebied is geleë in die Magistraatsdistrikte van Kroonstad en Lindley, en dit val binne die Moqhaka- en Ngwathe- plaaslike munisipaliteite onder die Fezile Dabi-distriksmunisipaliteit.

Die aansoekgebied sluit alle eiendomme uit waar 'n toestanning verbied word deur Artikel 48 van die MPRDA. Dit sluit in:

1. Natuurreserve, Nasionale park, Beskermdede gebiede of Beskermdede omgewings (insluitend Wêrelderfenisgebiede en Beskermdede woudgebiede)
2. Woongebiede
3. Openbare paaie, spoorlyne en begraafplase
4. Serwitute
5. Gebiede geïdentifiseer deur die Minister deur kennisgewing in die Staatkoerant ingevolge Artikel 49 van die MPRDA

Indringende en nie-indringende eksplorasië-aktiwiteite sal onderneem word as deel van die voorgestelde Eksplorasiewerkprogram (EWP) oor 'n tydperk van drie (3) jaar. Die eksplorasieprogram sal moontlik 4 diamantboorgate sink. Geen hidrouliese breking sal gedoen word as deel van die eksplorasieprogram nie. Die einddoel is om die versteurde eksplorasieteikengebiede tot hulle oorspronklike toestand te herstel.

Verwys asseblief na die meegaande Agtergrondinligtingdokument (AID) vir meer inligting oor hierdie projek. Die AID is ook op ons webtuiste beskikbaar in Afrikaans en Sesotho (<http://www.shango.co.za/public-documents/>).

Daar word verwag dat die volgende NEMA-aktiwiteite gelys onder Lyskennisgewings 1, 2 en 3 van die NEMA 2014 Omgewingsimpakassessering- (OIA) Regulasies (soos gewysig April 2017) deur hierdie aansoek aan die gang gesit sal word:

Lyskennisgewing	Beskrywing
GNR 327 (van 7 April 2017), Aktiwiteit 27	Verwydering van plantegroei vir eksplorasië-aktiwiteite (area van tussen 1 tot 20 hektaar)
GNR 325 (van 7 April 2017), Aktiwiteit 18	Eksplorasië vir olie, gas en kondensaat, insluitend geassosieerde infrastruktuur, strukture en grondwerk
GNR 324 (van 7 April 2017), Aktiwiteit 12	Verwydering van plantegroei vir eksplorasie-aktiwiteite (area van 300 vierkante meter of meer)

Die aansoek om 'n Eksplorasie en 'n Omgewingsmagtigingsproses sal uitgevoer word soos gestipuleer in Artikel 79 van die MPRDA en Hoofstuk 4 van die 2014 OIA-regulasies (soos gewysig) (GNR 326) uitgevaardig kragtens die NEMA. 'n Openbare kennisgewing en betrokkeheid word uitgevoer as deel van die Omvangbepaling- en Omgewingsimpakverslagproses.

Hierdie kennisgewing is in ooreenstemming met klousule 79 van die MPRDA en Hoofstuk 6 van GNR 326 van die NEMA OIA-regulasies, wat van Western Allen Ridge vra om die grondeienaar of wettige bewoner en enige ander geraakte party skriftelik in kennis te stel en met hulle te beraadslaag. Die resultate van die konsultasie sal ingesluit word by die Omvangbepaling- en Omgewingsimpakverslag-indiening sodat PASA die aansoek kan beoordeel.

Die Omvangbepalingverslag sal beskikbaar gestel word vir hersiening deur die publiek vir 'n tydperk van 30 dae, vanaf die 15^{de} September 2020 tot die 16^{de} Oktober 2020 by die volgende plek:

Plek	Adres
Gaggle-Inn Country Estate	82 Vrischgewaagd Kroonstad 9500

Daarbenewens sal 'n elektroniese kopie beskikbaar gemaak word op Shango Solutions se webwerf (www.shango.co.za/public-documents/) vanaf die 15^{de} September 2020. B&GP's word genooi om deel te neem deur kommentaar te lewer en bekommernisse te opper oor die voorgestelde projek.

'n Ope dag vir belanghebbendes sal gehou word om die inhoud van die Omvangbepalingverslag te bespreek. Besonderhede oor die datum, tyd en plek verskyn hieronder.

Datum	Tyd	Plek
30 September 2020	10H00 tot 15H30	Gaggle-Inn Country Estate 82 Vrischgewaagd Kroonstad 9500

Belanghebbende en geraakte partye (B&GP's) kry 'n tydperk van ten minste 30 dae om te registreer en kommentaar te lewer oor die voorgestelde aktiwiteit en aansoek. Indien jy wil registreer as 'n B&GP vir hierdie projek en enige kommentaar, bekommernisse of besware oor die projek het, stuur asseblief jou naam, kontakbesonderhede, rede vir jou belangstelling en kwessies/bekommernisse skriftelik of telefonies na Shango Solutions, **teen nie later nie as die 16^{de} Oktober 2020**. Sluit asseblief die projekverwysingsnaam (Kroonstad ER and EA Application) in by alle korrespondensie. Let wel dat slegs geregistreerde B&GP's in kennis gestel sal word van verdere geleenthede vir betrokkeheid in hierdie proses.

Enige navrae, kommentaar of bekommernisse ten opsigte van hierdie aansoek kan gerig word aan Shango Solutions:

- Tel: 011 678 6504
- Faks: 011 678 9731
- E-pos: zizo@shango.co.za
- Projeknaam: Kroonstad ER and EA Application
- Kontakpersoon: Me Zizo Siwendu (Omgewingsassesseringspraktisyn/OAP)
- Posadres: Posbus 2591, Cresta, 2118, Suid-Afrika

Enige kommentaar of bekommernisse ten opsigte van hierdie aansoek kan ook gerig word aan PASA (en 'n kopie gestuur aan Shango Solutions):

- Tel: 021 938 3570
- Faks: 021 938 3520
- Kontakpersoon: Me Phumla Ngesi
- E-pos: ngesip@petroleumagencysa.com
- PASA-verwysingsnommer: 12/3/363 ER
- Posadres: Posbus 5111, Tygervallei, 7536

Moenie huiwer om ondergetekende te kontak as jy enige ander navrae of bekommernisse het nie.

Beste groete,

Zizo Siwendu

